

## Maandag 4 Februarie

**Skrifgedeelte: Numeri 6:1-21**

**Fokusgedeelte: Numeri 6:2**

### **Toegewy aan die Here al die dae ...**

Elke gelowige wil graag 'n toegewyde dienskneg van die HERE wees. Kan dit? Reeds in die Ou Testament kry ons die duidelike antwoord van die HERE deur Moses: “As 'n man of 'n vrou 'n besondere gelofte aflê, die gelofte van 'n nasireër, om hom aan die HERE te wy ...”

Hierdie geleentheid wat die HERE gegee het, was oop vir almal, man of vrou. Die tydsduur was vir elkeen om te bepaal. Dit was 'n unieke gelofte en persoonlike besluit om onbeskaamd in die openbaar uit te leef. Ander mense kon dit sien aan die uiterlike voorkoms en die innerlike gedrag, soos die ongeskeerde hare, die weerhouding van drank. Selfverloëning en getrouheid aan die gelofte was die uitstaande kenmerk.

Sal ons vandag kan sê dat hierdie gelofte die fotoverhaal is van die gelowige se toewyding in diens van die HERE? Met die aflê van belydenis van geloof het ek en jy ons verbind tot oorgawe en toewyding in diens van die HERE. Dit is uniek, persoonlik, vrywillig en vra getrouheid en selfverloëning.

Die opvallende in die gelofte is die woorde: “Al die dae ...” – wat vier keer herhaal word. Al die dae is toewyding aan die HERE. In hierdie toewyding is daar niks wat in jou pad staan of belangriker is nie, nie die vrug van die land, nie jou voorkoms, nie jou familiebande nie – niks nie!

Die gelofte kry 'n menslike gestalte in Jesus Christus. Hy het self besluit om mens te word en Hom toe te wy aan die verheerliking van sy Vader. Hy het dit gedoen deur aan sy hemelse Vader gehoorsaam te wees tot die dood van die kruis. So het Hy vir ons 'n nuwe weg oopgemaak van toewyding.

As Christene leef ons 'n nuwe lewe van oorgawe in sy diens, deur die krag van sy Gees, al die dae van ons lewe.

*Sing: Psalm 40-1:4*

*Ds. MJ Smidt (Tinus) (Emeritus)*